# GROOT GEES BY KINDER- EN JEUGFEES

**Rustenburg** – Die jaarlikse Julie vakansie Kinder- en Jeugfeeste, wat gratis deur die Agapé Gemeente aangebied word, het vanjaar weereens groot belangstelling gekry. Die Kinderfees is vanjaar vir die twintigste en die Jeugfees reeds vir die tiende jaar aangebied.

Die Kinderfees is vanaf 17 tot 21 Julie 2017 aangebied op Laerskool Vastrap se gronde. Etlike honderde kinders het sover daagliks van die geleentheid gebruik gemaak om hul oggende te vul met pret, speletjies, samesang, ietsie te drink en eet en oulike lesse wat geskoei is om Hemelse deure vir hul te open.

Die Jeugfees het Sondagaand 16 Julie afgeskop en het op 20 Julie, met getuienis van Johan Scholtz (van onder andere *Getroud met Rugby* faam) en musiek deur die sanggroep *Anders*, by die Agapé ouditorium afgesluit.

Ander gaste wat die fees met sang en getuienis opgehelder het, was Simoné Nortman van *7de Laan* en *Vir die Voëls*, Ivor Swartz van *From prison to Pastor*, en Louis en Hettie Britz.

Die Jeug-aande is gekenmerk deur bywoningsyfers van honderde tieners per aand, saam sing, saam kuier, geesvang, liefde, warm sjokolade en harte wat in honderdtalle vir die Here oopgesluit is.

Agapé Gemeente nooi volgende jaar weer Rustenburg se jongspan en jeug om deel te hê aan hierdie geleenthede, wat beloof om, soos elke jaar, alle verwagtinge te oortref!

Besoek "Agapé Gemeente" of "Jeugfees 2017" op *Facebook*.



Die jongspan dra hul spog spanbaniere omhoog!
Foto's: Charl du Plessis (snap2art@gmail.com)



Die jong maats deel met oorgawe in tannie Estie se les.



Léonie de Koker, hoof organiseerder van die Kinderfees.



Jong helper wie se hart "Warm vir Jesus" klop.

